Die storie van Jepsa

Ockie Grundling

Ockie Grundling is die CEO van Jepsa en vertel in dié artikel die storie van *Jesus Peace South Africa*.

Ons motief

Die loods van Jepsa (Jesus Peace South Africa) vanuit die NGK Paarl (Strooidak) in 1999 was 'n opregte poging van gewone lidmate, om op grond van ons verstaan en interpretasie van die evangelie van Jesus Christus, betrokke te raak by die ontwikkeling van versoening en geregtigheid in SA. Dit wil ons doen deur die fasilitering van die multi-dissiplinêre gawes, talente en ondervinding van gelowiges vir deelname aan die bou van 'n Christus-gefundeerde vredeskultuur in Suid Afrika.

Die konteks en ons program

Ons weet dat versoening en geregtigheid kruisvrugte is – die beenmurg van ons Christelike bestaansrede. Vanweë die vryheid wat ons ontvang het, moet ons daaraan praktiese voete gee.

Ons hoor by prof Jurgens Hendriks en prof Jaap Du Rand dat die einde van die Christelike era in 1994 in SA aangebreek het. Te midde hiervan moet die kerk nou die vraagstukke wat met 'n gesekulariseerde samelewing saamgaan, aanspreek. Dit behels dinge soos die verheffing van materialistiese goedere en waarde-oriëntasies as finale metingsinstrumente vir sekuriteit en gearriveerdheid. Dit word nou ook die lewenstrewe van die persoon in absolute armoede. Natuurlik ook sy ondergang, want dit dompel hom in dieper skuld en onrealistiese besluitneming. Die swaar las van armoede, HIV/vigs, kriminaliteit, menslike wantroue en 'n stagnerende wêreldekonomie omlyn verder die konteks waarbinne die kerk hom bevind.

Wat ons lees, hoor en bedink oortuig ons daarvan dat die kerk in SA 'n leidinggewende rol te speel het. Versoening, geregtigheid en die nuwe lewe, is as 't ware die kerk van God se primêre "*expertise*". In ons navorsing sien ons dat hierdie vraagstukke inderdaad ook die primêre uitdaging van die SA-regering is. Ons sien Afrika lande en die Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling worstel hiermee. Dit is ook die fokus van die onderhandelings oor die afskryf van skuld tussen Afrika en die Weste. Die onderliggende diskussie tussen Cosatu/SAKP en die ANC, handel eintlik ook maar oor die vind van antwoorde hiervoor. Dit is die agenda van die grondhervormingsproses met sy tragiese gevolge in Zimbabwe, al is dit 'n uiters sterk fanatieke, ideologie- en magsgedrewe interpretasie van versoening en geregtigheid.

In ons projeknavorsing vooraf het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die mate waarin ons in SA slaag om (1) 'n ware

vredeskultuur te vestig en (2) die wonder van staatkundige transformasie van kosmetiesheid te red, bepaal sal word deur ons vermoë om op grondvlak aan mense in nood 'n nuwe lewe, gebou op geregtigheid te vestig. Gebeur dit nie, is ons spoedig weer terug in die era van ou ideologies gefundeerde konflikte en gepaardgaande ontploffende frustasievlakke. Hierin het die kerk 'n belangrike rol te speel.

Die kerk is teenwoordig in elke deel van Suid-Afrika, ook in die armste gebiede.

Selfs al is hulle self arm, is dit nog die instelling met die meeste potensiaal.

Die wesentlike grondvlakprobleme van Suid-Afrika kan nie alleen deur die regering aangespreek word nie. Hier is "vennote" dringend nodig. Die aanspreek van die fundamentele behoeftes van mense, so het ons navorsing uitgewys, is die eerste vlak van geregtigheidsvestiging wat moet aandag kry. In dié opsig is die stabilisering van die armoedekrisis in Suid-Afrika noodsaaklik, sodat 'n veilige ruimte vir kleinsake ontwikkeling in gemeenskappe gevestig kan word. ***Meer, nog omdat die transformasieproses, hooploosheid tot hoopvolle verwagting getransformeer het***. Hierdie verwagting steun primêr op die ontknoping van enersyds die armoedevraagstuk en andersyds die bied van 'n ruimte vir groter geleenthede aan die gemarginaliseerdes. Frustrasie van hierdie hoop, sal tot aktivisme en radikalisering aanleiding gee. Hiervoor sal die benutting van die infrastruktuur wat deur die nuwe transformasie geskep is, gebruik word. Dit leer revolusies ons wêreldwyd. Die gevaar is egter dat die bagasie van onafgehandelde versoening en haat in sulke omstandighede op die rug van die samelewing ry. Gevolglik is etniesgefundeerde weerwraak dikwels die simptoom hiervan.

Ondersteuningsraamwerke is dus nodig ten einde op grondvlak verwagtinge realisties te stuur na aktiewe selfbetrokkenheid en 'n positiewe benutting van die nuwe ruimte wat die transformasieproses moontlik maak. Hiervoor is fasiliteringsagentskappe wat volhoubare vennote kan mobiliseer, nodig. Dit is een van Jepsa se funksies. Die vraag was egter, wie is hierdie vennote wat die wa deur die drif moet trek?

Die sake- en finansiële sektor is belangrik, deurdat hulle bepaalde kundigheid, bronne, markte en ervaring bied. Hulle kan egter nie op grondvlak alleen projekte implementeer nie, vanweë hul eie missie. Ons het bevind dat die nie-regeringsektor só 'n agentskap is, maar dat kundigheid, bronne en vermoë in die negentigerjare baie afgeskaal was omdat talle van die rolspelers in die politieke prosesse betrokke geraak het. Nietemin bly die sektor 'n belangrike voertuig vanweë die wetlike raamwerk waarbinne hulle funksioneer.

Die rol van die kerk, was die groot openbaring. Die kerk bestaan uit lidmate met uiteenlopende multi-dissiplinêre kundigheid. Juis dit word benodig om armoede en volhoubare ontwikkelingsprojekte op grondvlak suksesvol te bedryf. Die kerk het 'n raad wat elke twee jaar wissel en dus goeie rentmeesterskap en openheid verseker. Die gebrek hieraan is juis die kritieke punt teen baie historiese projekte in Afrika en Suid-Afrika. Die kerk is teenwoordig in elke deel van Suid-Afrika, ook in die armste gebiede. Selfs al is hulle self arm, is dit nog die instelling met die meeste potensiaal. Met dié gedagte het die Wes-Kaap regering vir Jepsa gelyk gegee en erken dat dit inderdaad 'n leemte in hulle vorige projekte was.

Armoede kan nie as slegs 'n suiwer

ekonomiese aangeleentheid beskou word nie. Hier het ons deur grondvlakwaarneming bevind dat die hooploosheid wat uit armoede spruit, veeldimensioneel van aard is en dat die grondslag daarvan te vinde is in die emosionele ervaring van ***algehele uitsluiting***. Die bergie vergelyk homself met die man wat hoog teen die berg woon en wonder dan hoekom die verskil tussen hulle so enorm is? Sê dit iets van God se geregtigheid? Armoede het ook 'n psigologiese dimensie – 'n groeiende persoonlike oortuiging dat hulle nie enige talente- en lewensroeping het nie. Samehangend hiermee is die uitsluiting van ondersteuning vanaf finansiële instellings. Weens al hierdie redes het ons bevind dat 'n armoedetransformasieprogram geestelike, psigologiese en sosio-ekonomiese inhoud moet hê. Tweedens is vennootskapsluiting op projekvlak tussen die staat, sakesektor, kerk, die opleidingsektor en ander burgerlike samelewings-organisasies, 'n noodsaaklikheid ten einde die raamwerk vir volhoubaarheid te vestig. Struktureel het ons hiervoor 'n artikel 21 maatskappy gevestig, sodat befondsing, vennootskapsfasilitering, projekbestuur ensovoorts gefokus kan plaasvind.

Die Projek

Jepsa het as loodsprojek 'n beskuitfabriek gevestig in vennootskap met Sasko Maal en Bak wat met produkontwikkeling en die vestiging van markte by al die afsetpunte van Pick 'n Pay, Shoprite, Checkers en sommige Spar-winkels in die Wes-Kaap behulpsaam is. Die beskuit vorm ook deel van die produkkatalogus van Sasko Maal en Bak. Die konsep is met die Provinsiale Regering van die Wes-Kaap bespreek. Laasgenoemde het Jepsa Bakkery ondersteun met die verskaffing van noodsaaklike vestigingskapitaal. Tans geniet die Bakkery loodsprojekstatus in die Provinsie en het die geleentheid om die lesse geleer aan die regering te verskaf. Op dié wyse kan denkpatrone oor beleidsformulering op beleidsvlak beïnvloed word.

Wat die gemeente betref word Jepsa as 'n Getuienisprogram beskou. Gemeentelede is betrokke vanuit hul professionele terreine, soos rekenmeesters, ouditeure, regskundiges, dieetkundiges, opleiers, strategiese beplanners, sakelui, voorbidders, rekenaarspesialiste, en teoloë.

Die bakkery self bestaan uit 18 persone met 'n afhanklikheidslas van 160 persone. Vyftien van hulle is vroue uit die Swart- en Bruin gemeenskappe. Een persoon is 'n gestremde blanke vrou en twee is Bruin mans, altwee voormalige American bendelede. Hierdie persone word as eienaars opgelei. 'n Maatskappy is vir dié doel gestig met 'n direksie wat deur hulleself verkies word.

Die huidige uitdaging waarvoor ons staan? Die vestiging van volhoubare ontwikkeling te midde van die heersende bestaanskrisis waarin die nuwe Christene in hul gemeenskappe lewe. 'n Tweede uitdaging is die ontwikkeling van begrip onder die deursnee NG-lidmaat vir die uitdagings waarmee hierdie mense te kampe het. Derdens is daar die primêre uitdaging om binne die Wes-Kaap en hopelik ook in ander dele van die land, "*cluster* samewerkingsprosesse" met ander programme in die kerk te vorm sodat ons kan handevat tot eer van God, vertroue kan bou en daardeur die beste diens op grondvlak kan lewer. Tans het die Helderberg Eksodus Liefdes Projek (HELP) reeds 'n besluit geneem om in samewerking met JEPSA te funksioneer binne NGO-verband. In George is Across werksaam. Beide organisasies het reeds besluit op samewerking vorentoe.

In kort, Jepsa se storie is 'n storie van Jesus se vredespad op weg na geregtigheid in SA en daardie pad loop regdeur die NG Kerk.